

**VRYDAG 30 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 13:1-22 (NAV)**

**FOKUSGEDEELTE: PSALM 146:3 (OAV)**

**Amnon: moet op prinse nie vertrou nie ...**

Dawid gee aan sy oudste seun 'n mooi en betekenisvolle naam: Amnon. Die naam beteken “getrou”, of “die een wat vertrou kan word”.

Wat sou Dawid gedink het toe hy aan hierdie seun sy naam gegee het? Het hy in hom 'n toekomstige koning gesien? Hy is tog die kroonprins, die een wat Dawid se koningskap sal voortdra, dit as 'n koningshuis vir nog baie geslagte sal vestig. Hoe dit ook al mag wees, Dawid het werklik sy oudste seun vertrou. Wanneer Amnon “siek” van liefde in sy huis lê, en aangehits deur sy neef, Jonadab, 'n plan bedink om by sy suster Tamar uit te kom, vertrou Dawid hom heeltemal. In goedertrou gee hy selfs opdrag aan Tamar om na haar broer se huis te kom om vir hom 'n ete voor te berei. Selfs wanneer Amnon vra dat Tamar vir hom “twee hartvormige broodjies” moet kom bak, vertrou Dawid hom steeds. Hoe naïef kan mens tog nie wees in jou vertroue op mense nie!

Ook Tamar vertrou vir Amnon. Sy kom ewe houtgerus en berei die broodjies voor waar hy dit kan sien. Selfs wanneer Amnon almal wegstuur en dan boonop vra dat Tamar hom in sy slaapkamer moet kom bedien, bly sy hom steeds vertrou. Eers wanneer dit heeltemal te laat is, kom sy agter dat Amnon nie vertrou kan word nie.

Wanneer Dawid dit besef, kan selfs hy niks doen nie. Amnon se ontrouheid eggo Dawid se eie ontrou, toe hy een van sy getroue soldate se vrou afgevat en hom – ewe vertrouend – na sy eie dood gestuur het!

Dit baat nie om op 'n mens te vertrou nie. Geen mens – wie hy of sy ook al mag wees – kan jou lewensprobleme oplos of jou drome waar maak nie. Die mens is stoflik – hy sterf en dan is dit klaar met al sy planne. Meer nog: jy kan nie eens jouself vertrou nie, want die mens se hart is bedriegliker as enigiets anders; jy kan dit nie vertrou nie (Jer. 17:9).

Genadiglik hoef ons nie op 'n mens te vertrou nie. Ons kan op God, die Vader van Jesus Christus, vertrou. Jesus sterf wel aan die kruis, maar juis so, in hierdie skynbare “mislukking” – en wie kan tog op 'n mislukking vertrou? – bring Hy redding en verlossing vir sondaars. Die dood kon Hom immers nie vashou nie. Triomfantlik staan Hy op – as die Een aan Wie alle mag in die hemel en op aarde gegee is, en wat by ons is tot aan die voleinding van die wêreld.

Deur sy Gees wek Hy nuwe lewe en vreugde vir sterflike mense. Jy kan volkome op Hom vertrou en jou lewe op Hom bou.

*Sing: Psalm 146:2*

*Ds. FJ (Frans) van Dyk (Keetmanshoop/Mariental)*